

Doel van hierdie begeleidingsmateriaal oor Dissipelskap:

- om jou vertrouwd te maak met 'n leefstyl waar jy Jesus navolg;
- om dissipelskap as 'n leefwyse van innerlike transformasie, wat strek oor jou hele lewe in alle seisoene van jou lewe, in te oefen;
- om dissipelskap te beleef as 'n dinamika in jou lewe waarmee jy ander en die lewe self positief impakteer.

Bronne

- Hoogland-Leefstylgids Weergawe #2
- Hoogland-Leefstylgids Weergawe #2 Dissipelskap – 'n Geloofsreis van Innerlike Transformasie in 5 Lewensruimtes

Riglyne:

- Julle hoef nie voor te berei vir die ontmoeting nie – alhoewel voorbereiding ook 'n geloofsdissipline is wat meriete het.
- Julle hoef nie die materiaal in een ontmoeting af te handel nie. Elke groep bepaal sy eie ritme.




**Wees in die
Woord
Luister**

Ontmoeting 5 – Lewensruimte: Wees in die Woord

Tema: Lees van die Bybel en Geloofsonderskeiding
(Hoogland-Leefstylgids Dissipelskap bladsy 23-27)

1. Oriëntasie: Raak bewus van God se teenwoordigheid

- 1.1. Dissipelskap vra 'n **leefstylverandering**. Dit begin deur anders te luister na die Bybel (p 23 Hoogland-Leefstylgids – Dissipelskap).
- 1.2. Gebruik die **Wandel in die Woord**-metode om **Ps 131** te lees:
 - 1.2.1. Gee vir elkeen geleentheid om deur die proses te gaan.
 - 1.2.2. Deel dan julle ervaringe met mekaar.



Wandel in die Woord

1. **Word stil.** Kom tot rus in die wete dat die Here by jou is (Ps 62).
2. **Lees** Ps 131. Vra die Heilige Gees om jou te lei. Lees die Skrifgedeelte hardop. Probeer verstaan wat jy lees.
3. **Nadenke** oor die Skrifgedeelte (Meditasie):
 - Lees die Skrifgedeelte weer 'n keer – wagtend, luisterend.
 - Vra: Watter woord, sin, moment, beeld staan vir my uit en bly by my?
 - Vra: Hoe word my lewe geraak deur wat ek gelees het?
4. **Gebed** van die Skrif. Lees die Skrifgedeelte 'n derde keer. Praat met God oor wat jy gehoor het.
5. **Wees skerp en wakker in God se teenwoordigheid (Kontemplasie).** Bly in wat God op jou hart kom lê het (woord, sin, moment, beeld ens.) Bly daarin sodat dit insink by jou en jou lewe deurdrenk. Kom so tot rus by God.
6. **Inkarnasie.** Gaan leef wat jy gehoor het – saam met Jesus.

1. Lees:

- 1.1. Lees die Hoogland-Leefstylgids - Dissipelskap bladsy 23 & 24: die verskil tussen **Informatiewe en Formatiwe lees** van die Bybel.
- 1.2. Lees die Hoogland-Leefstylgids - Dissipelskap bladsy 23 & 24: **Geloofsonderskeiding**.



2. Luister en Gesels :

2.1. **Formatiewe & Informatiewe lees van die Bybel**

- 2.1.1. Wat verstaan julle onder **Formatiewe** lees van die Bybel?
- 2.1.2. Wat is die **implikasie** van hierdie soort lees van die Bybel?

2.2. **Geloofsonderskeiding**

- 2.2.1. Sê in julle **eie** woorde wat geloofsonderskeiding is.
- 2.2.2. Gesels oor die volgende **tipiese** vrae oor geloofsonderskeiding:
 - a) Wie is God vir my (ons kerk, geloofsgemeenskap)?
 - b) Waarmee is God nou besig (in my lewe en in ons gemeente)?
 - c) Wat is God besig (herhaaldelik) om vir my (ons) te sê?
 - d) Aan wie behoort ek (die gemeente)?
 - e) Wat is God se droom vir en oor my (ons) gemeente?



3. Gaan leef

- 3.1. Gee vir mekaar praktiese raad oor hoe om meer **formatief** met die Bybel om te gaan (Leefstyl-Inoefening).
- 3.2. Ons onderskei God se wil wanneer ons dit wat ons by God hoor en in die kerk (by mekaar) hoor en in ons wêreld hoor met mekaar **integreer**.
 - 3.2.1. Wat hoor julle:
 - By God?
 - By mekaar?
 - By die wêreld?
 - 3.2.2. Wat moet ons gaan **doen** met hierdie geloofsonderskeiding?



Onderskeiding: in die ruimte waar Woord, konteks en kerk mekaar ontmoet

Integrasie: Wat hoor julle?

- 3.2.3. 'n Persoonlike fokus: Gebruik die **Geloofsgewoonte** op bladsy 25 en 26 om jou persoonlike reis van geloofsonderskeiding te doen (Leefstyl-Inoefening).

4. Afsluiting

Gebed (Die reis saam met U - Na 'n gebed van Rowland Croucher):

Here, as u lig nie tot in my donkerste hoeke skyn nie,

sal ek nooit weet wie ek werklik is nie.

Integreer my bewuste en onbewuste lewe beter met mekaar.

Bring groter eenheid tussen wat ek sê en wat ek doen,

sodat ek ook die betekenis van “integriteit” sal ken.

Dit is net U wat só doel en rigting aan my lewensreis kan gee.

Amen